Weekbrief Primêre Skool Jim Fouché

WB 27 OKT 2009

Wonder hoe briek ons hierdie vierde kwartaal wat teen 'n drafstap voortspoed. Dankie vir u ondersteuning met al die projekte wat nou geskiedenis is en
sterkte met al die aktiwiteite wat nog voorlê.
Daar is verseker al 'n ligpunt in die tonnel, (dit het niks met Eskom te doen nie). Hou net goeie moed.

BELANGRIKE INLIGTING

- **Begrotingsvergadering vir ouers op 12 November 2009 om 18:00 in die skoolsaal. Ons doen 'n ernstige beroep op u om in groot getalle hierdie vergadering by te woon. Die beplanning van die skoolfonds vir 2010 vind ook plaas.**

- **Grondslagfase- en SO Prysuitdeling:**
  30 Oktober 2009 in die skoolsaal. Ons herinner u net daaraan dat u foto's teen R20,00 per foto kan bestel. Leerders mag na afloop van die prysuitdeling huis toe gaan.
  Kleredrag: Netjiese somersdrag met skoene.
  Tye: Gr 1: 08:00 – 08:45
  Gr 2 en SO1: 09:00 – 09:45
  Gr 3 en SO2: 10:00 – 11:00

- **Senior Primêr Prysuitdeling:**
  5 November 2009 in die skoolsaal.
  Tye: Gr 4 en 5: 11:00
  Gr 6 en 7: 18:00

- **Toetsweek: 23 – 30 Oktober 2009.**

HEERLIKE WORS

Juf. Hester Smit verkoop heerlike wors teen net R32,00 per kilogram. Indien u daarvan wil koop skakel gerus die kantoor by 052-5225951.

FINANSIES :

Alle ouers moet asseblief die Algemene Jaarvergadering onthou wat op 12 November 2009 plaasvind. Ons het u stem daar baie nodig.
Die jaar snel ten einde – ons het alle uitstaande skoolfonds broodnodig, probeer asseblief 'n plan maak om u rekening op datum te kry.
Wat betref die voorstelle wat gemaak is by die Oueraand op 17 September 2009 is alle idees verwys na die Ouerkomitee. Een van die planne was die "Neem 'n Kind Aan" projek. Laat weet solank vir ons indien u 'n kind wil "aanneem" vir 2010.
Hierby aangeheg is 'n vorm wat u kan voltooi indien u daaraan wil deelneem. Kontak asseblief die skoolkantoor in hierdie verband.

SWEM

Charné Wiese het al die items, waarvoor sy ingeskryf het, by die Willem Postma gala gewen. Baie geluk. Ons is trots op jou.

ATLETIEK OP DIE VRYSTAAT STADION

J.F. se jaarlikse Duvenhage en Briedenhann uitnodigingsatletiek het op 17 Oktober op die Vrystaat Stadion plaasgevind.
Dit was 'n reuse sukses en een van die grootste byeenkomste in die Vrystaat. Byna 1200 atlete en 40 skole het selfs van vêr buite die Vrystaat se grense gereis om die byeenkoms by te woon.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za
www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Die kompetisie was baie sterk. Baie van ons atlete het goed presteer en vir sommiges lê daar nog baie harde werk voor.
Baie dankie aan die personeel van J.F. wat hard moes werk om van hierdie byeenkoms 'n sukses te maak.
'n Spesiale woord van dank aan Duvenhage en Briedenhann wat onder moeilike omstandighede en swak ekonomiese toestande steeds ons skool ondersteun. Sonder so 'n borg het dit onmoontlik geword om 'n byeenkoms van hierdie statuur aan te bied.
'n Spesiale woord van dank aan
mnr. Piet van Vuuren
wat elke jaar verantwoordelik is vir die reëlings van hierdie byeenkoms.

ATLETIEK : KIMBERLEY

Op Vrydagaand, 23 Oktober, het 30 atlete in Kimberley aan Newton se Summer Sport gaan deelneem. Atlete was met die skool se Tata bus vervoer en was omstreeks 11:30 terug in Bloemfontein.
Baie dankie aan mnr. Piet en tannie Zetta wat die atlete na Kimberley vergesel het.

ATLETIEK : HOëRSKOOL JIM FOUCHé

'n Groep van ons 0/14 atlete het Saterdag, 24 Oktober, aan bogenoemde byeenkoms deelgeneem. Sterk kompetisie was aan die orde van die dag. Baie dankie aan ons atlete wat ons skool se naam hoog gehou het.

TOEKENNINGS:

Baie geluk aan Veroeshka Strauss wat hierdie naweek 'n spesiale toekenning in Kroonstad ontvang het.
Toekennings word jaarliks deur Vrystaat Atletiek gemaak aan atlete wat tydens die SA Kampioenskappe presteer het.
Veroeshka is die enigste atleet wat met twee goue medaljes op die SA Kampioenskappe kan spog.
Dit is voorwaar 'n groot prestasie.
Baie dankie aan mnr. Le Grange wat haar na Kroonstad geneem het.

NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Melkskommel se gemooo..... is een van totale vreugde.
Baie baie dankie aan almal wat van hierdie projek so 'n reuse sukses gemaak het. Sonder u bydrae en ondersteuning sou dit nie vir ons moontlik gewees het nie.

KLASWENNERS:

Gr 1B:	Juf. Elizma	R2404,00
Gr 2B:	Juf. Annatjie	R2353,00
	Juf. Candice	
Gr 3A:	Juf. Elmarie	R3796,00
Gr 4A:	Juf. Elsabe	R3174
Gr 5B:	Juf. Amanda **(Algehele wenner)**	R7939,00
Gr 6C:	Juf. Carina **(Derde)**	R4541,00
Gr 7C:	Mnr. Piet **(Tweede)**	R4636,00

GELUK AAN:

1ste: Juanie Holtzhausen, Gr. 5B, wat die meeste boekies verkoop het. Sy wen 'n selfoon en kontant.
2de: Mariska Fourie, Gr. 6A. Sy wen kontant.
3de: Enrico J van Rensburg, Gr. 7C.
Hy wen 'n selfoon en kontant.

"DROP WENNERS" – Baie geluk!!!!

1ste:	Mnr. J Jankowitz	R3000,00
2de:	Mev. E M Erasmus	R2000,00
3de:	Mev. C Victor	R1000,00

JF HUISWERKBOEKE : 2010

Moet asseblief nie vir u kind 'n huiswerkboek vir 2010 koop nie, aangesien die skool 'n huiswerkboek aan elke leerder gaan verskaf.